

Jeugverhaal: Vergifnis oorwin boeliery

- 1 Hendrik sit met sy kop tussen sy hande op sy bed. “Waarom is daar tog mense wat die gevoelens van ander nie in aanmerking neem nie?” dink hy hardop. Die onaangename woorde van die boelies hamer weer in sy ore. Alles is wasig voor hom. Die tranes van hartseer en vernedering wemel in sy oë. Hy neem hom voor om beslis nie te huil nie. Pa sê altyd dat ’n man nooit huil nie.
- 2 ’n Klop aan die deur ruk hom tot die hede. Is dit miskien ’n welkome klop wat hom van die vernedering en sy hartseer sal laat vergeet, of is dit die klop van ’n boelie wat hom net weer aan hul armoede wil herinner? Hy neem sy sakdoek en vee dit vinnig oor sy oë; net om seker te maak dat daar miskien nie ’n ongevraagde traan sy verskyning gemaak het nie.
- 3 “Kom maar binne,” hoor Hendrik sy eie stem. “Die deur is oop.”
- 4 “My seun, jy moet opskud. Die skoolbus vertrek binne ’n halfuur,” sê sy ma.
- 5 “Ma, kan ek nie maar net één dag by die huis bly nie. Net één dag wat ek nie aan ons armoede herinner word nie.”
- 6 “My seun, laat ek jou goeie raad gee. As hulle jou vandag weer spot omdat ons so arm is, moenie minderwaardig voel nie. Kyk hulle stip in die oë en vra hulle of hulle daarvan sal hou om die slagoffer van sulke wrede woorde te wees. Sê sommer in dieselfde asem dat jy hulle vergewe.”
- 7 Daardie middag kom Hendrik met ’n breë glimlag by die huis aan. “Ek het Ma se raad gevolg. My woorde het hulle vir ’n ses uitgeboul.”
- 8 Om verbaal geboelie te word, is beslis nie van die aangenaamste nie. Veral as die vieslike woorde gewig dra. Maar hierdie woorde kan uitgewis word deur vergifnis. Dan is dit immers die boelie wat magteloos voel.

Hardoplees: Vergifnis oorwin boeliery**Rubriek**

Vloeiend lees en pousering:	1	2	3	4	5
Stemtoon, stembuiging en beklemtoning:	1	2	3	4	5
Hoorbaarheid en uitspraak:	1	2	3	4	5

Totaal: 15**/15**

Onderhoud: Onderhoud met Marita Swanepoel

- 1 'n Mens wonder soms waaraan die sukses van hierdie belowende sangeres toe te skryf is. Terwyl ons in die woonvertrek sit, loer die sonstrale deur die vensters.
- 2 **Marita, jy het al diep spore in die sangbedryf getrap. Verkies jy dit om voor 'n gehoor of tydens feeste op te tree?**
- 3 Ek verkies beslis om tydens feeste op te tree. Jy vermaak nie slegs die gehoor nie, maar verkeer ook gesellig met hulle. Jy sal my nie glo hoeveel vriende ek al tydens hierdie verskillende feeste gemaak het nie.
- 4 **Toe jy jonger was, het jy baie getoer. Moes jy en jou gesin baie opoffer?**
- 5 'n Glimlag verskyn om haar mondhoëke. Haar oë lag.
- 6 James, dis wel 'n opoffering. Maar nou ja, as jy sukses wil behaal, moet jy hard werk en alles insit. As ons in stede opgetree het, moes ons in 'n karavaan slaap. En glo my, ek is nou nie juis 'n mens wat in toue wil staan om te bad nie. Maar nou ja, jy moet immers 'n naam in hierdie moeilike bedryf maak. In die platteland was die mense meer gasvry en het jou altyd genooi om by hulle te oornag. Ek sê mos altyd dat die plattelandse mense die sout van die aarde is.
- 7 **Waarom tree jy nie meer op nie? Ons mis jou baie by die onderskeie musiekfeeste.**
- 8 Haar oë pen my vas. Ek besef dat wat sy nou gaan sê, beslis gewig dra.
- 9 James, ek sal die mense van Suid-Afrika ewig dankbaar wees vir die geleentheid wat hulle my gegee het. Nadat ons Struisbaai toe getrek het, gee ek slegs sanglesse vir opkomende sangers. Dit voel vir my ek lewer 'n positiewe bydrae tot die samelewing. Ek het darem nie heeltemal opgehou om op te tree nie. Soms sal ek nog by skoolkonserte in Gordonsbaai en in die Strand optree. Verder gaan stap ek, my man en die honde ver ente op die strand. Ná al die jare wat ek my aan my musiek toegewy het, voel ek dat dit nou my man se beurt is.
- 10 Marita betower mense nie slegs met haar goue stem nie, maar sy wil ook graag aan die samelewing teruggee. Ons wens haar alles van die beste toe met haar lewe in Struisbaai.

- 1 **Luister na die onderstaande paragraaf. Bespreek die ruimte.**
'n Mens wonder soms waaraan die sukses van hierdie belowende sangeres toe te skryf is. Terwyl ons in die woonvertrek sit, loer die sonstrale deur die vensters. /1
- 2 **Luister na die onderstaande paragraaf. Wat sou jy sê kon daartoe bydra dat sy al verskeie vriende tydens hierdie onderskeie feeste gemaak het?**
Ek verkies beslis om tydens feeste op te tree. Jy vermaak nie slegs die gehoor nie, maar verkeer ook gesellig met hulle. /1
- 3 **Luister na die bostaande paragraaf. Waarom het sy dit verkies om eerder by feeste op te tree?** /1
- 4 **Luister na die onderstaande sinne. In watter opsig kon dit 'n opoffering vir Marita en haar gesin wees?**
Toe jy jonger was, het jy baie getoer. Moes jy en jou gesin baie opoffer? /1
- 5 **Hoe verskil die stedelinge se gasvryheid met dié van die mense op die platteland?** /2
- 6 **Oor watter goeie karaktereienskap beskik die mense van die platteland?** /1
- 7 **Hoe hou paragrawe 1 & 6 verband met mekaar?** /1
- 8 **Waarom reken jy kan die musiekbedryf as 'n moeilike bedryf gesien word?** /1
- 9 **Noem slegs EEN emosie wat die sangeres in paragraaf 9 kon ervaar.** /1
- 10 **Watter nadeel het haar musiekloopbaan vir hierdie belowende sangeres en haar gesin ingehou?** /1
- 11 **Met wie word hier 'n onderhoud gevoer?** /1
- 12 **Wat verstaan jy onder 'n onderhoud wat met iemand gevoer word?** /2
- 13 **Hoe sluit die *inhoud* by die opskrif van hierdie luisterteks aan?** /1
- Totaal: 15** /15

Onderhoud: Voer 'n onderhoud met 'n sportheld / 'n sanger / 'n filmster

Rubriek

Vloeiend praat en pousering:	1	2	3	4	5
Stemtoon, stembuiging en beklemtoning:	1	2	3	4	5
Toepaslike onderhoudsvrae en -antwoorde:	1	2	3	4	5

Totaal: 15 /15

GROOT TOTAAL: 30÷2=15 /15

1 Kodisil (Aanhangsel tot my testament)

1

Hiermee herroep ek, die ondergetekende, Wouter Kotzé, identiteitsnommer 5304284114082, tans woonagtig in W.E.G. Louwstraat 16, Langenhovenpark, alle vorige testamente, kodisille en/of enige ander dokumente wat die aard en die strekking van 'n testament mag hê, of gehad het, en bepaal dat vanaf ondertekening hiervan, sodanige dokumente van nul en gener waarde sal wees.

2

Ek, Wouer Kotzé (identiteitsnommer: 5304284114082), bepaal hiermee uitdruklik dat die algehele restant van al my bates, roerend sowel onroerend, na my eggenote, Rina Kotzé (identiteitsnommer: 550206411083), sal gaan.

3

Ek, Wouer Kotzé (identiteitsnommer: (5304284114082), bepaal uitdruklik dat indien ek, Wouter Kotzé (identiteitsnommer: 5304284114082) en my eggenote, Rina Kotzé (identiteitsnommer 550206411083), tegelykertyd of dertig dae na mekaar tot sterwe sou kom, die algehele restant van al ons bates, roerend sowel onroerend, na ons seun, Coenie Kotzé (identiteitsnommer: 8408024005082), sal gaan.

4

As eksekuteur van my testament en beredderaar van my boedel, benoem en stel ek hiermee aan Steyn en Meyer (registrasienommer: 2012/103516/03).

Onderteken te Bloemfontein op hierdie 12de dag van Augustus 2023, in die teenwoordigheid van die ondergetekende getuies, almal terselfdertyd teenwoordig.

- 1.1 **Wat is die doel van 'n testament?** (1)
- 1.2 **Wie is die testateur en waar is hy *woonagtig*?** (2)
- 1.3 **Hoe word die persoon wat moet toesien dat die testament uitgevoer word, genoem?** (1)
- 1.4 **Waarom word die identiteitsnommer van Wouter Kotzé aangedui?** (1)

Totaal: 5

/5

2 **Artikel: Onverantwoordelike tieners**

- 1 Waaron reken tieners hulle ouers is altyd verkeerd en hulle reg? Dis 'n vraag wat op almal se lippe is. Seker net tieners wat hierdie vraag ignoreer. Nie soseer omdat dit 'n doodnormale vraag is nie, maar eerder omdat hulle nie wil erken dat hulle nog nie volwasse is nie, omdat hulle hulle nie aan reëls wil onderwerp nie.
- 2 Indien die ouers sou weier dat hulle na 'n kuierplek mag gaan, aangesien hulle nog te jonk is of omdat die drank daar vloei, dan rol die tieners hulle oë en ruk hulle op. Met kop agteroor gegooi en swaaiende arms storm hulle die woonvertrek uit en hardloop na hulle kamers. Deure word geklap en hulle weier dat hul ouers in hul kamers mag kom. 'n Regte vloermoer wat tieners gooi wat eintlik by tweejariges hoort. So asof die ouers hulle 'n groot onreg aangedoen het. Min besef hulle dat dit eintlik die "uithangplek" van mense is wat 'n slegte invloed op hulle kan hê.
- 3 Hoeveel kere skakel tieners net nie hul selfone af as hulle by kuierplekke gaan kuier nie. Indien die ouers sou bel, is dit net die blikstem: "Ek is nie tans beskikbaar nie. Laat jou naam en nommer asseblief en ek skakel jou terug." As hulle eindelijk huis toe kom, het hulle nog die vermetelheid om hulle te vererg as hulle sien dat hulle ouers nog wakker is en vir hulle wag. Hulle besef net nie wat alles deur ouers se kop maal as hulle nog nie tuis is nie.
- 4 Die tiener mag soms dink dat hy volwasse genoeg is om die regte besluite te neem, maar is hy regtig? Hy moet immers nog leiding van sy ouers ontvang. As tieners dan dink dat hulle nou regtig volwasse is en altyd volwasse optree, sal hulle beslis na goeie raad luister.
- 5 Ouers wil hul kinders net beskerm. Soms mag dit lyk of hulle oorbeskermend is, maar eintlik wil ouers maar net die beste vir hulle kinders hê. Hulle sal hulself nooit kan vergewe as hul kinders iets moet oorkom nie. Hulle is ten minste vir hul kinders se veiligheid verantwoordelik.

- 2.1 **Hoe hou paragraaf 2 verband met paragraaf 5?** (1)
- 2.2 **Verskaf jou rede waarom jy sou sê dat die skrywer van hierdie artikel se argument wel gewig dra.** (1)
- 2.3 **Hoe hou die inhoud van hierdie leesteks verband met die titel?** (1)
- 2.4 **Verskaf slegs EEN rede waarom hierdie leesteks geloofwaardig is.** (1)
- 2.5 **Watter emosie ervaar ouers in paragraaf 3?** (1)

Totaal: 5 /5

GROOT TOTAAL: 10 /10

1 Lees die onderstaande paragraaf en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Die verwaarloosde bedelaar, met sy verflenterde klere, staan by die verkeerslig. Vir hom kan die verkeerslig nie gou genoeg oorslaan na rooi nie. Miskien word daar darem 'n footjie in sy hand gestop. Genoeg vir 'n droë stukkie brood.

- 1.1 Skryf die afgeleide persoonsnaam neer.
- 1.2 Gee die meervoud vir “verkeerslig”.
- 1.3 Skryf die onderstreepte sin oor in die toekomende tyd.
- 1.4 Gee die sinoniem vir “miskien”.
- 1.5 Waarom word daar 'n deelteken op “droë” geplaas? (5)

2 Lees die onderstaande paragraaf en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Met elke vertelling groei Pa se vis. Dit word net groter en groter. Ons kinders skud maar net ons koppe. 'n Mens wonder of hy homself nie al begin glo nie.

- 2.1 Gee die stellende trap vir “groter”.
- 2.2 Gee die enkelvoud vir “kinders”.
- 2.3 Skryf die onbepaalde voornaamwoord neer. (3)

3 Lees die onderstaande paragraaf en voer die opdragte uit.

Almal is opgewonde. Hoe lank sien ons nie al uit na hierdie seevakansie nie! Wel, eindelijk het dit aangebreek.

- 3.1 Skryf die onderstreepte sin oor in die ontkennende vorm.
- 3.2 Skryf die “samestelling” neer.
- 3.3 Skryf die “bywoord van tyd” neer.
- 3.4 Skryf die byvoeglike naamwoord neer. (4)

4 Lees die onderstaande paragraaf en voer die opdragte uit.

Die trane vloei vrylik. Ek sien net dubbelbeelde. Dis nie waar nie. Dit mág nie waar wees nie. My pa kan nie nou al die tydelike met die ewige verwissel nie. Wie gaan nou vir ons sorg? Wie gaan my rugbywedstryde bywoon?

- 4.1 Skryf die onderstreepte sin oor as 'n vraagsin.
- 4.2 Skryf die skeibare werkwoord neer.
- 4.3 Skryf die idioom wat ons hier aantref, neer en gee die betekenis hiervan. (3)

Opsomming: Voordele van die selfoon

Som die voordele van selfone op in nie meer as 60 woorde nie.

- 1 Selfone hou soveel voordele in. Besigheidsmense kan nie daarsonder klaarkom nie. Geen wonder dat hulle altyd op hul selfone is nie. Hulle is nie altyd op kantoor nie. Hulle mag óf met vakansie óf iewers vir besigheid wees. Opdragte word dan oor die selfoon aan die sekretaresses gegee. Hulle moet dan ook soms reëlings vir vergaderings tref.
- 2 Verder kan selfone tot jou redding kom indien jy in die moeilikheid sou beland. Een oproep kan jou lewe red. Een oproep kan jou van 'n tragedie red. Daarom moet kinders altyd 'n selfoon by hulle hê.
- 3 Indien jy jou in 'n vreemde gebied sou bevind, kan jy met selfvertroue bestuur. Jy volg net die aanwysings van die GPS op jou selfoon om jou bestemming te bereik. Sodoende sal jy nie sommer verdwaal nie. In plaas van die heelyd vir aanwysings soek, kan jy nou meer op die verkeer konsentreer.
- 4 Pragtige natuurtonele kan tydens jou vakansie met die selfoon afgeneem word. Deur na hierdie foto's te kyk, kan jy weer jou vakansie herleef. 'n Waardevolle skat wat niemand van jou kan wegneem nie.

Totaal: 5

/5

Vraestel 3**Skryf****Skryf 'n verhalende opstel van 140–160 woorde oor EEN van die onderstaande.**

Dit was so hittete. / Die vliegtuig word gekaap. / Alleen by die bushalte.

Rubriek

Inleiding, inhoud en slotparagraaf:	1	2	3	4	5
Oorsaak en gevolg:	1	2	3	4	5
Gebeure, chronologie en taalgebruik:	1	2	3	4	5
Beplanning en paragrafering:	1	2	3	4	5

OF**Skryf 'n beskrywende opstel van 140–160 woorde oor EEN van die onderstaande.**

Die wasgoed op die draad. / Die mense wat saam met my in 'n tou staan. / Hande.

Rubriek

Inleiding, inhoud en slotparagraaf:	1	2	3	4	5
Beskrywende woorde en idiome:	1	2	3	4	5
Taalgebruik en woordeskat:	1	2	3	4	5
Beplanning en paragrafering:	1	2	3	4	5

EN**Skryf 'n viendskaplike brief van 100–110 woorde oor EEN van die onderstaande.**

Vertel jou vriend/in wat jy gedoen het om in die koerant te kom. /

Vertel jou vriend/in meer van die oorsaak en gevolge van die brand op julle plaas.

Rubriek

Gebeure, chronologie en emosies:	1	2	3	4	5
Formaat, leestekens en taalgebruik:	1	2	3	4	5

OF**Skryf 'n dagboekinskrywing van 100–110 woorde en vertel meer van die week dat jy na julle bure se huis en honde moes kyk.****Rubriek**

Gebeure, chronologie en interessant:	1	2	3	4	5
Formaat, leestekens en taalgebruik:	1	2	3	4	5

GROOT TOTAAL: 30**/30**

Vraestel 4

Letterkunde

1 **Kortverhaal: Pa se skedonk**

- 1 Waaron kon ons tog nie ook maar net 'n doodgewone bakkie hê nie? 'n Bakkie wat betroubaar is. Nee, ons moet mos met 'n *skedonk* skool toe geneem word.
- 2 Ons ry reeds vroeg in die oggend van die plaas af dorp toe. In die winter is dit nog donker as ons van die plaas af vertrek. Ek dink al aan ontbyttafel aan die koue windjie wat in jou nek blaas en die plaashekke wat ek moet oopmaak. My groter broer is mos nou te *grênd* om hekke oop te maak.
- 3 Pa laai ons gereeld drie blokke van die skool af. Die ander kinders moet tog *nét* nie sien hoe ons die ou skedonk weer aan die brand moet stoot nie.
- 4 Terwyl ons sitvlakke die hele oggend met die harde skoolbanke kennis moet maak, gaan pa koöperasie toe om lusernbale te laai. Daarna gaan lees hy die dag se nuus by die hoekkafee.
- 5 Ná skool kry Pa ons weer drie blokke van die skool af. Ons gooi ons tasse op die bakkie se bak en begin stoot. Die derde plaashek is naby die plaaswerkers se huise. Skaars het ons daar stilgehou sodat ek die hek kon oopmaak, of die plaaswerkers se kinders storm soos 'n trop beeste op die hek af. Dan gee my pa vir elke kind 'n toffie. Daarom noem ek en my broer dit die *toffiehek*.
- 6 Ek wil amper verstik toe Pa ons vanmiddag by die skoolhek inwag. Ek het my mond oopgemaak en na woorde gehap, maar vergeefs. Daar was 'n ondeunde lag in my pa se oë te sien. Ewe gedweë volg ons my pa. Ek probeer dink wat ek vir die ander kinders die volgende dag sal sê as hulle my oor ons bakkie sou spot. Maar nee, my brein blok alle verskonings uit.
- 7 Ons kon skaars ons oë glo. Pa het ons nie met sy ou *skedonk* kom haal nie. Nee, met 'n Toyota-bakkie. Splinternuut uit die garage getrek! Ek hoop net die ander kinders het ook ons nuwe bakkie gesien. Pa sê dat ons nie moet dink ons is nou beter as ander nie. Dis nie wát jy het nie, maar wíé jy is.

- 1.1 **Hoe hou paragrawe 1, 3 & 5 verband met die titel?** (1)
- 1.2 **Hoe verskil die inhoud van paragraaf 3 met dié van paragraaf 7?** (1)
- 1.3 **Watter onaanvaarbare karaktereïenskap tref ons in paragraaf 6 aan?** (1)
- 1.4 **Watter morele les leer ons uit die bostaande leesteks?** (1)
- 1.5 **Waarom sou jy sê dat die inhoud van die leesteks geloofwaardig is.** (1)

Totaal: 5

/5

2 **Volkverhaal:** Waarom moes ons kaptein Moeder Natuur tog so tart

- 1 Hier waar Marius op sy voorstoep sit, sien hy hoe die donker wolke in die lug maal. Hy is beslis nie bereid om die see vandag aan te durf nie.
- 2 Daardie middag laat Kaptein Vermeulen al die matrose na die vuurtoring kom. Hy sê dat hulle saam met hom vir drie dae na Indië moet vaar om pêrels te gaan haal. Nie een van die matrose was bereid om die stormagtige see aan te durf nie. Nie één van hulle was bereid dat hulle kinders sonder 'n pa moes grootword of dat hulle vrouens reeds op vroeë ouderdom 'n weduwee moes wees nie.
- 3 “Wel, ek sal die see alleen aandurf! Elke kaptein en matroos moet bereid wees om die see te alle tye aan te durf!” bulder Kaptein Vermeulen.
- 4 'n Week later was daar nog geen sprake van Kaptein Vermeulen nie.
- 5 “Kom kyk hier! Kom kyk hier!” roep Marius wat na die rotse naby die vuurtoring geloop het. Die verbasing en hartseer kon duidelik in sy stem gehoor word.
- 6 Nadat die ander matrose by Marius aangesluit het, sien hulle wat hul heeltyd gevrees het. Die boot lê in skerwe op die rotse uitgespoel. Daar was geen teken van Kaptein Vermeulen nie.
- 7 “As Kaptein Vermeulen net nie so hardkoppig was en die stormagtige see aangedurf het nie, het ons hom nou nog by ons gehad. Hy was wel baiekeer onredelik, maar hy was goed vir ons. Hy het gesorg dat ons elkeen kos op sy tafel kon sit en 'n dak oor sy kop kon hê,” sê Marius met 'n gebroke stem.
- 8 Tot vandag maak die kaptein slegs gedurende volmaan sy verskyning by die rotse naby die vuurtoring. Terwyl hy sy verskyning maak, skree hy aanhoudend: “Help! Help!” Reeds vroeg elke aand wat dit volmaan is, sal al die matrose na die vuurtoring gaan om hul geliefde kaptein net vir 'n paar minute te kan sien.

- 2.1** **Verskaf slegs EEN rede waarom nie een van die matrose gedurende hierdie stormagtige middag die see wou aandurf nie.** (1)
- 2.2** **Watter emosie het Kaptein Vermeulen in paragraaf 3 ervaar?** (1)
- 2.3** **Hoe verskil die inhoud van paragraaf 3 met dié van paragraaf 8?** (1)
- 2.4** **Watter gevolge het dit vir Kaptein Vermeulen ingehou, aangesien hy op die stormagtige see uitgevaar het?** (1)
- 2.5** **Hoe hou paragrawe 7 & 8 verband met die opskrif?** (1)
- 2.6** **Watter morele les leer ons uit die bostaande volksverhaal?** (1)

Totaal: 6

/6

3 Drama: Die ekstra myl

Met haar voorskoot aan, staan Emma in die kombuis. Haar man het sy werkgewer vir ete genooi. Sy wonder of hy ooit skaapboud eet. Vasgevang in haar gedagtes, hoor sy hoe haar man voor die huis stop. Hy kom die kombuis binne, piksoen haar en stap in die rigting van die sitkamer om sy koerant te lees.

Emma: (Ongeërg) Nee, my man, jy kan vandag se nuus maar eers môre lees. Jy gaan my in die kombuis help.

Klaus: My vrou, ek sal enigiets doen. Vanaand se kos moet uit die boonste rakke wees. Ek móét net eenvoudig daardie verhoging kry.

Emma: (Met 'n frons tussen haar oë) Nee, my man, ons gaan nie jou werkgewer omkoop nie. 'n Mens verdien jou verhoging. Ons gaan net rustig verkeer en kuier. Jy kan solank die aartappels skil.

Klaus: (Skertsend) Vir elke aartappel wat ek skil, wil ek ten minste R100,00 verhoging hê.

Emma gluur hom net aan en sit die gemarineerde skaapboud in die oond. Teen 07:00 is daar 'n klop aan die voordeur. Emma gaan maak die deur oop. Dis Ronald, haar man se werkgewer.

Ronald: (Vriendelik) Naand. Dit is 'n voorreg om jou eindelijk te ontmoet.

Emma neem hom sitkamer toe. Na 'n tyd gaan haal sy die skaapboud uit die oond. Sy neem die kos eetkamer toe en sê dat hulle moet kom aansit.

Ronald: Emma, jy mág maar kos maak. Dit smelt in my mond.

Klaus: (Met 'n glimlag) Meneer, ek het darem ook 'n handjie bygesit.

Ronald As jy bereid is om die ekstra myl saam met jou vrou te stap, sien ek nie hoekom jy nie ook die ekstra myl met my sal stap nie. Geluk Klaus, die verhoging is joune!

- 3.1 Noem op slegs EEN plek waar hierdie drama afspeel. (1)
 - 3.2 Hoe verskil die lewensuitkyk van Emma met dié van Klaus? (2)
 - 3.3 Lees die laaste spreekbeurt van Ronald. Watter emosie dink jy het Klaus by die aanhoor van hierdie woorde ervaar? (1)
 - 3.4 Hoe sou jy die karakter van Emma beskryf? (1)
- Totaal: 5 /5

4 Poësie

4.1 Waarmee word die “volle-maan” in “Die Houtryer in die Maan” vergelyk?

“Die volle-maan elke aand
lyk soos ’n goue pond,
of soos ’n ou man se gesig,
met wange vet en rond.”

Helena J.F. Lochner

4.2 Dui slegs EEN metafoor in die onderstaande versreëls uit “Ma” aan.

“Jou moesie-oor is my enigste telefoon
Jou huis is my enigste Bybel.”

Antjie Krog

4.3 Watter vorm van beeldspraak kry ons in die volgende versreëls?

“Ons liefde het gesterf met die oggendstond,
en ons het haar begrawe bleek en stom.”

Elizabeth Eybers

4.4 Watter effek verkry ons deur die onderstaande versreëls uit “Warrelwind” vinnig te lees?

“Windjie wat so vinnig swaai,
Aldeur in die rondte draai,”

Theo Wassenaar

4.5 Dui die klanknabootsende woord in die onderstaande versreëls uit “Lenteliedjie” aan.

“Al die veld is vrolik;
Al die voëltjies sing;
Al die kriekies kriek daarbuite;”

C. Louis Leipoldt

4.6 Waarna verwys Ons Suster in die onderstaande versreëls uit “Die dans van die reën”?

“sy trap af van die hoogte;
Sy spreid die vaal karos met altwee arms uit:
die asem van die wind raak weg.
O, die dans van ons Suster!”

Eugene Marais

4.7 Dui die woorde in die onderstaande versreëls uit “Wond” aan waar ons alliterasie aantref.

“mens draai die verbande om,
Hou jou doof, swyg jou stom”

Lina Spies

Onderhoud: Onderhoud met Marita Swanepoel

- 1 Die onderhoud word **in die woonvertrek** gehou. (1)
- 2 Aangesien sy **gesellig met die feesgangers verkeer**. (1)
- 3 Aangesien sy nie slegs opgetree het nie, maar ook **gesellig met die feesgangers verkeer het**. (1)
- 4 Aangesien sy baie weg van die huis moes wees en sodoende haar kinders en man afgeskeep het.
(enige ander aanvaarbare antwoord wat met die vraag verband hou) (1)
- 5.1 Die stedelinge
Hulle het haar nie huisvesting gegee nie. Sy moes in 'n karavaan slaap.
- 5.2 Mense op die platteland
Hulle was gasvry en het haar huisvesting gegee. (2)
- 6 Gasvryheid (1)
- 7 Sy het sukses in haar werk behaal, aangesien sy alles ingesit het.
(enige ander aanvaarbare antwoord) (1)
- 8 Aangesien daar baie **kompetisie** is. (1)
- 9 Die emosie van **dankbaarheid / tevredenheid / kalmte**. (1)
- 10 Sy kon nie baie tyd saam met haar man en kinders deurbring nie. (1)
- 11 Hier word 'n onderhoud met **Marita Swanepoel** gevoer. (1)
- 12 Daar word **vrae** aan die betrokke persoon **gevra** wat hy/sy dan moet **beantwoord**. (2)
- 13 Daar word 'n onderhoud met Marita Swanepoel gevoer. (1)

Vraestel 2

Afdeling A

Memorandum

- 1 Kodisil (Aanhangsel tot my testament)
 - 1.1 Om aan te dui **wat die oorblewende(s) na die oorledene se dood sal erf.** /
Om aan te dui **wat die oorledene aan die oorblewend(s) na sy dood bemaak.** (1)
 - 1.2.1 Testateur
Wouter Kotzé
 - 1.2.2 Plek waar hy woonagtig is
W.E.G Louwstraat 16
Langenhovenpark (2)
 - 1.3 Die **eksekuteur** moet toesien dat die testament uitgevoer word. (1)
 - 1.4 Om aan dui dat die **testateur** nie 'n ander *Wouter Kotzé* met 'n ander *identiteitsnommer* is nie. (1)
- 2 **Artikel: Onverantwoordelike tieners**
 - 2.1 Ouers wil net hul kinders **beskerm** teen slegte invloede. /
Ouers voel hulle is verantwoordelik vir die **veiligheid** en **opvoeding** van hulle kinders. (1)
 - 2.2 Tieners kom wel in opstand teen hulle ouers as hul ouers sekere goed of vriende nie goedkeur nie, maar die ouers doen dit slegs ter wille van die kind se voordeel. (1)
 - 2.3 Tieners mag **onverantwoordelik** optree en nie aan die **gevolge** van hul optrede dink nie. (1)
 - 2.4 Enige **realistiese** antwoord wat met die inhoud van die artikel verband hou. (1)
 - 2.5 Die emosie van **vrees / kommer / angs.**
(enige ander aanvaarbare antwoord) (1)

Vraestel 2

Afdeling B

Memorandum

- 1.1 **Afgeleide persoonsnaam**
Die verwaarloosde **bedelaar** met sy verflenterde klere staan by die verkeerslig.
- 1.2 **Meervoud**
Verkeerslig – Verkeersligte (1)
- 1.3 **Toekomende tyd**
Vir hom sal die verkeerslig nie gou genoeg na rooi kan oorslaan nie. (1)
- 1.4 **Sinoniem**
Dalk word daar darem 'n footjie in sy hand gestop. (1)
- 1.5 **Deelteken**
Om die **twee klanke van mekaar te skei** ter wille van die uitspraak. (1)
- 2.1 **Die stellende trap**
Groot (1)
- 2.2 **Enkelvoud**
Kinders – **Kind** (1)
- 2.3 **Onbepaalde voornaamwoord**
'n Mens wonder of hy homself nie begin glo nie. (1)
- 3.1 **Ontkennende vorm**
Nie álmal is opgewonde nie.
Niemand is opgewonde nie. (1)
- 3.2 **Samestelling**
Ons sien na die **seevakansie** uit. (1)
- 3.3 **Bywoord van tyd**
Wel, **eindelik** het dit aangebreek! (1)
- 3.4 **Byvoeglike naamwoord**
Almal is **opgewonde**. (1)
- 4.1 **Die vraagsin**
Is dit nie waar nie? (1)
- 4.2 **Skeibare werkwoord**
Wie gaan my rugbywedstryde **bywoon**. (1)
- 4.3 **Idioom**
My pa kan nie nou al die tydelike met die ewige verwissel nie.
My pa kan nie nou al sterf nie. (1)

Opsomming: Voordele van die selfoon

Besigheidsmense het selfone nodig om gedurig met hul sekretaresses in verbinding te wees om opdragte aan hulle te gee. ✓ Selfone kan tot jou redding kom, indien jy in die moeilikheid sou beland. ✓ Indien jy die aanwysings van die GPS op jou selfoon sou volg, ✓ sal jy nie verdwaal nie. ✓ Natuurtonele tydens jou vakansie kan met die selfoon afgeneem word. ✓

59 woorde

(5)

Vraestel 4

Memorandum

1 Kortverhaal: Pa se skedonk

- 1.1 Die kinders is skaam vir hulle pa se bakkie, aangesien hulle hom altyd aan die brand moes stoot. / Die bakkie is 'n skedonk en nie betroubaar nie, aangesien dit eers aan die brand gestoot moet word. **(slegs EEN van die bostaande antwoorde is aanvaarbaar)** (1)
- 1.2 Terwyl die seun in paragraaf 3 **skaam** is vir sy pa se bakkie, is hy in paragraaf 7 **trots** op sy pa se nuwe bakkie. (1)
- 1.3 Die seun is **skaam** vir sy pa se ou skedonk van 'n bakkie. / 'n Kind **skaam** hom nie vir sy ouers se bakkie nie. (1)
- 1.4 Ons moet ons nooit **skaam** vir ons ouers se besittings nie. / Ons moenie altyd wil hê dat ander moet sien as ons 'n nuwe besitting het nie. / Dis nie **wát** ons **het** nie, maar **wíé** ons **is**. **(slegs EEN is aanvaarbaar)** (1)
- 1.5 Enige **realistiese antwoord** wat met die inhoud van die leesteks verband hou. (1)

2 **Volkverhaal:** Waarom moes ons kaptein Moeder Natuur tog so tart

- 2.1 Nie één van hulle was bereid dat hulle kinders sonder 'n pa moes grootword nie. /
Nie één van hulle was bereid dat hulle vrouens reeds op vroeë ouderdom 'n weduwee moes wees nie.
Nie één van hulle wou hê dat hulle vrouens hul kinders alleen moes grootmaak nie. /
Hulle was bang dat hulle kon verdrink. **(slegs EEN is aanvaarbaar)** (1)
- 2.2 Die emosie van **woede**. (1)
- 2.3 In paragraaf 3 word die kaptein as 'n **manhaftige** persoon wat vir niks bang is nie, onthou, terwyl hy in paragraaf 8 **weerloos** voorkom en wat selfs **om hulp skree**. (1)
- 2.4 Sy **dood**. (1)
- 2.5 Aangesien Kaptein Vermeulen **geen respek vir die natuur gehad het nie**, het dit sy **dood** beteken. (1)
- 2.6 Dat 'n mens **respek** vir die natuur moet hê. /
Dat 'n mens nooit met die natuur moet speel nie.
(slegs EEN is aanvaarbaar) (1)

3 **Drama:** Die ekstra myl

- 3.1 In die **kombuis**. / In die **sitkamer**. / In die **eetkamer**.
(slegs EEN van die bostaande is aanvaarbaar) (1)
- 3.2 Terwyl Klaus reken dat jy jou werkgewer kan **omkoop** om 'n verhoging te kry, wys Emma hom daarop dat jy slegs 'n verhoging kan kry as jy dit **verdien**. (1)
- 3.3 Die emosie van **opgewondenheid** / **blydskap** / **dankbaarheid**.
(slegs EEN is aanvaarbaar) (1)
- 3.4 Sy het gevoel dat jy enige werk **verdien** en dit nie moet kry deur ander mense **om te koop** of te **beïndruk** nie. /
Sy was **eerlik**.
(enige ander aanvaarbare antwoord wat op die vraag betrekking het) (1)

4 Poësie

- 4.1 Dit word met 'n **goue pond** en met die **vet wange van 'n ou man** vergelyk. (1)
- 4.2 “Jou **moesie-oor** is my enigste telefoon
Jou huis is my enigste Bybel.” (1)
- 4.3 Ons tref **personifikasie** hier aan. (1)
- 4.4 Die effek van **vinnige beweging**. (1)
- 4.5 “Al die veld is vrolik;
Al die voëltjies sing;
Al die kriekies **kriek** daarbuite.” (1)
- 4.6 Dit verwys na **die reën**. (1)
- 4.7 “mens draai die verbande om,
hou jou doof, **swyg** jou **stom**.” (1)

Naslaanbronne

September 2023

Jeugverhaal: Vergifnis oorwin boeliery
Eugene van der Westhuizen

Onderhoud: Onderhoud met Marita Swanepoel
Eugene van der Westhuizen

Kodisil: Aanhangsel tot my dokument Aangepas: **Via Afrika Afrikaans Huistaal**
M. Brink, O. Channing, A. Jordaan, G. Kleynhans, T. Mcgeer, P. Voges

Artikel: Onverantwoordelike tieners Aangepas: **Via Afrika Afrikaans Huistaal**
B. Brink, O. Channing, A. Jordaan, G. Kleynhans, T. Mcgeer, P. Voges

Taal:

Die verwaarloosde bedelaar

Eugene van der Westhuizen

Die vis word net groter en groter

Eugene van der Westhuizen

Blydskap oor die vakansie

Eugene van der Westhuizen

Die afsterwe van Pa

Eugene van der Westhuizen

Opsomming: Voordele van die selfoon
Eugene van der Westhuizen

Kortverhaal: Pa se skedonk
Eugene van der Westhuizen

Volkverhaal: Waarom moes ons kaptein Moeder Natuur tog so tart
Eugene van der Westhuizen

Drama: Die ekstra myl
Eugene van der Westhuizen

Poësie:

Die Houtryer in die Maan

Helena J.F. Lochner

Ma

Antjie Krog

Eerste liefde

Elizabeth Eybers

Warrelwind

Theo Wassener

Lenteliedjie

C. Louis Leipoldt

Die dans van die reën

Eugene Marais

Wond

Lina Spies